Stilte
AS LITURGIESE MOMENT

Michiel Strauss

INLEIDEND

Ek sit nou die dag in die kerk voor die aanvang van die erediens en ons sing vooraf liedere en die leier-ouderling heet ons daarna welkom en doen 'n paar aankondigings en ek verlang na rus en stilte. Sodat ek God kan beleef en sy teenwoordigheid kan ervaar. Toe dink ek aan die liedjie van vroeër wat begin het met die woorde: "Silence is golden …" En ek wonder of ons nie meer moeite moet doen om stilte as liturgiese moment te deurdink nie.

1. Die rede vir stilte in die erediens

Habakuk 2:20 lees soos volg: "Die Here is in sy heilige tempel: almal op aarde moet in sy teenwoordigheid stil wees!" Hier word die diepste rede aangegee waarom die erediens momente van stilte moet hê. Die mens – en daarom die gemeente – kan nie anders as om stil te word in die teenwoordigheid van God nie. Voor Hom verdwyn al ons praatjies-makery. By die bewuswording van sy nabyheid, buig ons in stil aanbidding.

Die teenwoordigheid van God in die erediens bring mee dat daar 'n eerbiedige vrees heers, 'n waarheid en 'n egtheid wat nie plek vir onnodighede laat nie; dat daar 'n nederigheid en ordelikheid is wat vir 'n vorm van stilte vra (De Klerk 1990:13).

Stilte het te doen met ontsagvervuldheid. Stilte aan die begin van en tydens die erediens, is soos om stil te word voor 'n verbysterend grootse natuurtoneel. Meer nog, want in die erediens staan die mens voor God – die Skepper en Regter van alles in die hemel en op die aarde.

Met 1 Kon 19:11–13 in gedagte – waar die Here se teenwoordigheid nie in die aardbewing of die vuur of die sterk wind was nie, maar in die fluistering van 'n windstilte – sê Gaddy (1992:110): "I think that often in worship people are more intent on reproducing the wind and fire and the earthquake than on preparing to hear the still small voice."

2. Die wese van stilte in die erediens

Stilte in die erediens is baie meer as die passiewe afwesigheid van klank. Dit is 'n moment gevul met die aktiewe verkeer met God. Die gemeente moet bewus wees waaroor dit gaan en geleer word hoe om dit te benut. Stilte ter wille van stilte sal geen bydrae lewer tot 'n beter ontmoeting met God nie. Maar wanneer die stilte sinvol benut word om persoonlik met God te verkeer, en dit 'n korporatiewe handeling van die hele gemeente word, kan dit van besondere verrykende betekenis vir die erediens as 'n ontmoeting met Hom wees.

Dit moet dus duidelik wees dat stilte, as 'n liturgiese moment, op enige plek in die erediens gebruik kan word. Dit kan en behoort ook op wisselende momente ingespan te word. Soms voor die votum as 'n oproep tot aanbidding; soms net daarna. Soms voor die lofsang, en

soms voor die gebed. Net voor die skuldbelydenis of net na die preek kan stilte, as geleentheid tot nadenke oor wat so pas plaasgevind het of gaan plaasvind, 'n beslissende bydrae wees om die erediens 'n ware ontmoeting met die Almagtige te maak. Die voorwaarde bly egter soos deur Gaddy (1992:111) uitgedruk: "Beneficial silence in worship is purposeful silence."

3. Benuttingsmoontlikhede van momente van stilte in die erediens

A SENTRERING

Stilte gee die erdiensganger die geleentheid om sy aandag te sentreer of te fokus op dit wat besig is om te gebeur. Met sentrering word dus nie 'n in-sigselfkering, of 'n selfsugtige konsentreer op eie behoeftes en gedagtes bedoel nie. Dit is veel eerder 'n soeke na 'n visie op God as die Subjek van die erediens – 'n oomblik van stilte waartydens die gespanne senuwees kan ontspan, die polsslag rustiger kan word en irrelevante gedagtes vervang kan word met 'n fokus op die heerlikheid van God.

B HOOR

Stilte is 'n hulp vir die erediensgangers onmiddellik voor of ná die die lees van die Woord. Die Bybel vra meer van diegene wat daarna luister, as net so 'n vinnige verbygaande flits van aandag. Die oorpeinsing daarvan (Ps 119:148) pas ook in die erediens. Die prediking, wat uitleg is van die Woord, bou eintlik hierop en kan nie self die oorpeinsingstyd verskaf nie.

C MEDITASIE

Ons kan nie hier in besonderhede op die onderwerp van meditasie ingaan nie. Dus word volstaan met 'n enkele stelling hieroor wat verband hou met stilte in die erediens. Dit kan veel tot die kwaliteit van die gereformeerde erediens bydra as die gemeente gelei kan word om tydens die erediens oor 'n spesifieke Bybelteks, 'n lied of oor 'n spesifieke element van die erediens te mediteer.

D SKULDBELYDENIS

God vra van ons skuldbelydenisse meer egtheid en eerlikheid as wat die meeste mense bereid is om te bied. Die moment van skuldbelydenis in die erediens is waarskynlik een van die mees verslete en onegte oomblikke in die gereformeerde erediens. 'n Moment van stilte moedig egter egte skulbelydenis aan. Hulp kan gegee word in die vorm van geskrewe skuldbelydenisse, wat in stilte gelees kan word. In sodanige oomblikke van stilte word dikwels skuldbelydenisse voor God bely wat andersins ongeuiter sou bly. Terselfdertyd sal God se vergewende respons miskien beter gehoor word in sodanige stilte as tussen 'n klomp klanke.

E GEBED

Gebed maak 'n baie belangrike deel uit van die gereformeerde liturgie. Tog voel talle erediensgangers hulle totaal onbetrokke by die erdiensgebede. 'n Enkeling, naamlik die liturg, kan ook nie altyd uit die harte van die hele gemeente bid nie. Daarom het stilte wat vir individuele gebed benut word, 'n belangrike plek in die gereformeerde erediens.

Ook tydens die bediening van die sakramente, wat immers sigbare tekens van God se genade is, kan daar baie minder gepraat word en meer korporatiewe stilte wees. Op dié wyse mag die aangrypende betekenis van die sakramente weer nuut word in die oë van die gemeente, sodat daaroor nagedink word in die lig van die Skrifgetuienis wat deur prediking en kategese tuisgebring is.

Juis in 'n groter gemeente se erediens is stilte uiters belangrik. In die makro-opset is dit moontlik om die erediens baie onpersoonlik te beleef en so in die massa te versink dat die erediens nooit 'n ware ontmoeting met God word nie. Momente van stilte in die samekoms van die gemeente gee aan elke erdiensganger die geleentheid om sigself voor God te plaas en nie maar op te gaan in die groot massa mense nie.

F AFWAGTING

In Op 8:1 lees ons ook van 'n liturgiese stilte: "Toe die Lam die sewende seël oopmaak, het daar stilte in die hemel gekom, omtrent 'n halfuur lank." Dié stilte verhoog die spanning, net soos die terughou van die vier winde (Op 7:1–3) en die verswyging oor wat die sewe donderslae gesê het (Op 10:4). Die stilte is 'n dramatiese pouse waarin alles en almal asem ophou, voordat die finale ontvouing van die inhoud van die boekrol plaasvind.

Só kan stilte in die erediens ook as moment vir die skep van afwagting gebruik word.

SLOT

Ware liturgie, 'n egte ontmoeting met God, lei eers tot stilte voordat dit tot handeling aanspoor. Baie word in die moderne liturgie gemaak van beweging en aksie. Dit is niks meer as aktivisme as dit nie begin by 'n stil-wees in die heilige teenwoordigheid van die Drie-Enige God nie. "Silence may be an inevitable result of worship" (Gaddy 1992:113).

Michiel Strauss
NG Kerk Parow-Welgelegen

BRONNE

DE KLERK, JJ, 1990. 'n Liturgiese uitsig op God, in Smuts, AJ; Vos, CJA en Nel, M. In gesprek oor die ere diens. Teologiese huldigingsbundel aan prof AC Barnard. Pretoria: NGKB.
GADDY, CW 1992. The gift of worship. Nashville: Broadman Press.